Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Hooggeregshof Hersieningsnr: 586/04

Landdros Saaknr: C652/04

Datum gelewer: 2004-12-17

In die hersieningsaak van:

**DIE STAAT**

*versus*

**PETRUS BRITZ** **BESKULDIGDE**

Coram: OLIVIER R

# UITSPRAAK OP HERSIENING

**OLIVIER R:**

1. Die beskuldigde is in die landdroshof te Upington skuldig bevind op 'n aanklag van die oortreding van artikel 17(a) van die Wet op Gesinsgeweld, nr. 116 van 1998, deurdat hy 'n beskermingsbevel verbreek het en gevonnis tot 'n boete van R300 of 3 maande gevangenisstraf, wat in geheel voorwaardelik opgeskort is vir 'n periode.

2. Die eerste aspek wat oorweging verdien, hang rondom die feit dat die landdros, nadat die beskuldigde op die aanklag skuldig gepleit het, eenvoudig voortgegaan het en die beskuldigde sondermeer skuldig bevind het sonder om hom te ondervra. Dit blyk dus asof die landdros die bepalings van artikel 112(1)(a) van die Strafproseswet, nr. 51 van 1977 (*"die Strafproseswet"*) , toegepas het.

3. Daar is geen aanduiding dat die landdros ooit die aanklaer gevra het of die beskuldigde se pleit op die hierdie basis aanvaar sou word nie. Dit was natuurlik nie in die omstandighede noodsaaklik dat die aanklaer die pleit moes aanvaar nie [en in hierdie opsig meen ek dat my **obiter** aanduiding tot die teendeel in 'n ongerapporteerde uitspraak op 'n spesiale hersiening in **S v Seleman Nsabimana en Andere** onder hersieningnommers 547-549 / 2004 nie korrek was nie – sien **S v Nyambe** 1978(1) SA311 (NK)].

4. Die landdros se versuim om die aanklaer in die onderhawige geval die geleentheid tot inspraak in hierdie verband te gee, kon egter ook ander implikasies gehad het, want die landdros sou langs hierdie weg moontlik kon

geoordeel het of die omstandighede en die aanklag in elk geval sodanig was dat die beskuldigde nie ‘n swaarder vonnis sou opgelÍ hoef te word as die maksimum vonnisse toelaatbaar in terme van artikel 112(1)(a) van die Strafproseswet nie. Die aanklaer sou oor kennis beskik het van die aard en erns van die gebeure wat ten grondslag van die verbreking van die beskermingsbevel gelÍ het en van die beskuldigde se vorige veroordelings (sien **Hiemstra Suid-Afrikaanse Strafproses,** Kriegler & Kruger, 6de uitgawe, bl. 304).

5. Die landdros se toepassing van die bepalings van artikel 112(1)(a) van die Strafproseswet was dus moontlik in die omstandighede nie gepas nie, veral wanneer die beskuldigde se vorige veroordelings wat later aan die lig

gekom het inaggeneem word, maar daar kan nie na my mening gesÍ word dat die verrigtinge, wat die skuldigbevinding betref, as gevolg daarvan nie ooreenkomstig die reg was nie.

6. Wat egter wel na my oordeel regstelling verg, is die landdros se bewoording van die opskortingsvoorwaarde. Die vonnis soos genotuleer op die klagstaat lees soos volg:

> "*3 Maande gevangenisstraf of R300 boete opgeskort vir 3 jaar met voorwaarde dat beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan oortreding van Artikel 17 van Wet 116/98*".

Die landdros het dus nagelaat om die voorwaarde te kwalifiseer en te beperk tot die geval waar sodanige oortreding gepleeg sou word binne die opskortingstermyn.

7. Die vorm waarin die betrokke landdros die vonnis tydens vonnis-uitspraak aan die beskuldigde oorgedra het, was nog meer verwarrend en het soos volg gelui:

> "U word dan gevonnis 3 jaar, sorry (**sic**), *3 maande gevangenisstraf en 'n boete van R300.00 wat in geheel opgeskort word van* (**sic**) *'n periode van 3 jaar met die voorwaardes dat u nie weer skuldig bevind word aan 'n oortreding van* ***Artikel 17(a) van Wet 116 van 1998*** *gedurende die tydperk van opskorting nie."*

Dit het weer die indruk geskep dat slegs 'n skuldigbevinding tydens die opskortingstermyn sou lei tot die verbreking van die opskortings-voorwaarde, en nie die geval waar die beskuldigde tydens die opskortingstermyn weer die oortreding sou begaan, maar later eers skuldig bevind sou word, nie.

8. Ek meen dus dat dit in belang van regsekerheid is dat die vonnis gewysig word om dit duidelik te maak dat die

beskuldigde die gevaar sal loop dat die opgeskorte vonnis in werking gestel kan word as hy tydens die opskortingstermyn wéér die betrokke oortreding sou begaan (ongeag van wanneer hy dan aan die betrokke oortreding skuldig bevind sou word), en stappe sal geneem moet word om die gewysigde vonnis onder die aandag van die beskuldigde te bring.

9. Die volgende bevele word dus hierin gemaak:

**1. Die skuldigbevinding word bekragtig.**

**2. Die vonnis word tersyde gestel en met die volgende vervang:**

"***R300.00 boete of 3 maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort word vir 3 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan 'n oortreding van artikel 17(a)***

***van die Wet op Gesinsgeweld, nr. 116 van 1998, wat gepleeg is gedurende die opskortingsperiode nie."***

**3. Die Klerk van die Hof moet toesien dat die gewysigde vonnis onder die aandag van die beskuldigde gebring word.**

______________

**CJ OLIVIER**
**REGTER**

---

UITSPRAAK OP HERSIENING : S v BRITZ
Hersieningsaak nr. : 586/04
OLIVIER R